SUSTAINABLE AGRICULTURE IN SOUTH AFRICA

nuus

Lidmaatskap 1
Sedex Terugvoering 1
Proses vir registrasie 2
Kapasiteitsbou Program 2
WIETA Terugvoering 2
Herhaaldelike vrae 3

UITGAWE 1 VOLUME 2 AUGUSTUS 2013

Lidmaatskap

SIZA lidmaatskap groei nog steeds met die ledetal wat tans op 362 staan.

Die lidmaatskap verdeling is as volg:

Produsent/Pakhuise: 240
Pakhuise: 37
Uitvoerders: 13
Invoerders: 1
Groothandelaars / Bedryfsassosiasies: 6

HERINNERING
Indien u verlang dat u SEDEX rekening oorgedra word na die FSA AB rekening, sal die volgende oordrag van rekeninge in grootmaat plaasvind op 31 OKTOBER 2013.
Onthou asb om die toestemmingsbrief aan SEDEX te stuur alvorens u SEDEX rekening verval soos op 31 OKTOBER 2013.

Siza / Sedex Terugvoering

Indien u oor SIZA lidmaatskap beskik, kan u vir bemarkings doeleindes nog steeds via SEDEX die nodige sigbaarheid geniet. SIZA is nou geregistreer as 'n AB lid op SEDEX, u kan dus SEDEX magtig om u rekening en historiese data oor te dra na die FSA AB rekening waar u geregistreer sal bly as 'n "werkskeppings webwerf". Vir hierdie fasiliteit hoef u nie die SEDEX registrasie fooi te betaal nie. FSA sal die kostes dra van elke rekening wat oorgedra word. Aangesien die kostes hoog is vir die individuele oordrag van rekeninge, het FSA gereël om op spesifieke datums die oordrag in grootmaat te doen. Let asb op na die herinnering hierbo.
Prosedure hoe om u rekening na die FSA AB rekening op SEDEX oor te plaas:

1. E-pos of faks toestemmingsbrief na SEDEX waarin u opdrag gee om u rekening the skuif na die "FSA AB lid" rekening. Indien u 'n kopie van die toestemmingsbrief verlang, e-pos Colleen Chennells by chennell@iafrica.com.
2. Die toestemmingsbrief moet elektronies gestuur word vanaf die rekening houer se e-pos adres.
3. Die toestemmingsbrief moet SEDEX bereik **alvorens** die verskaffer se SEDEX rekening verval.
4. As u SEDEX rekening reeds verstryk het , kan u rekening gelaai word onder die FSA AB rekening maar dit sal nie u historiese data insluit nie.

Ander belangrike feite betreffende die "werkskeppings webwerf" as deel van die FSA AB rekening:

- U het steeds volle toegang en gebruikers regte op u SEDEX rekening deur dieselfde verwysingsnommer te gebruik. Die nuwe stappe kan nog steeds deur die ouditeur geverifieer word soos tevore.
- FSA administrasie sal die data oordrag van SIZA SAQ na SEDEX SAQ bestuur wat sal verseker dat u opgedateerde inligting nog steeds sigbaar is vir kliënte. Die kostes sal deur FSA gedra word.

Proses vir Siza registrasie

1. Registrasie vir alle lede: gaan na www.fruitsa-ethical.org.za, kliek op “Registrasie” en volg die instruksies.
2. Die registrasie vorm kan aanlyn by FPEF ingedien word.
3. Bewys van betaling word gestuur aan siza@fpef.co.za
4. Die lid word by die SIZA register gevoeg en ‘n SIZA lidmaatskap nommer word aan hom/haar toegeken.
5. Die lys van nuwe SIZA registrasies word weekliks (op ‘n Maandag) aan SAIGOL gestuur wat die SIZA data platform bestuur.
6. SAIGOL aktiveer die diens en stuur ‘n Verwelkomings pakkie aan alle nuwe lede:
   -Produsente/pakhuise (vlak 1 en 2) ontvang ‘n bekendstellingsbrief met lidmaatskap nommer en ‘n aktiewe skakel na ‘n Self Asseserings vraelys.
   -Uitvoerders, invoerders en kleinhandelaars (vlak 3,4 en 5) en mede-lede ontvang ‘n bekendstellingsbrief met ‘n lidmaatskap nommer, ‘n verduideliking hoe hul gekoppel kan word aan verskaffers en ander relevante informasie.
7. Die produsent/pakhuis lid het 2 maande tyd om die vraelys te voltooi en terug te stuur na SAIGOL.
8. Die vraelys word nagegaan/hersien deur die program resensent en teruggestuur indien onvoltooid. Dit word gedoen om die produsent te help met die voorbereiding vir ‘n oudit en is nie ‘n slag/misluk oefening.
9. Die vraelys word goedgekeur en teruggestuur na die lid met ‘n skrywe wat die “volgende stappe” verduidelik, insluitend die oudit vereistes en ‘n lys van oudit firma’s

Siza Kapasiteitsbou Program

Departement van Landbou, Wes-Kaap ondersteun die SIZA Kapasiteitsbou Program.

Die 1ste SIZA “Train-the-trainer” program sal plaasvind in die Paarl op 11&12 September as deel van Dept. Landbou (Wes-Kaap) se befondsings program. Die loods program sal 15 persone in die bedryf oplei om volgehoue ondersteuning aan produsente en ander rolspelers te verskaf wat die implementering van die SIZA standaard aanbetref.

SIZA opleidingsmateriaal sal deel uitmaak van die pakket. Gedurende die volgende 12 maande word daar 8 werkswinkels vir Etiese Handel Fasiliteerders in die Wes-Kaap beplan wat ook befonds sal word deur Dept. Landbou (WK).

SIZA wat steeds op bevestiging wat die befondsing van landwye werkswinkels aanbetref. Enigiemand is welkom om op eie onkoste van die dienste van SIZA erkende opleiers gebruik te maak. Kontak detail van opgeleide persone sal na 15 September op die webblad (www.fruitsa-ethical.org.za) beskikbaar wees.

SIZA / WIETA Terugvoering

SIZA het ‘n ooreenkoms met WIETA gesluit wat bepaal dat SIZA lede, wat reeds ‘n SIZA oudit laat doen het, erken sal word by WIETA vir WIETA sertifiserings doeleindes. Die proses van erkenning van die SIZA oudit behels ‘n steekproef deur WIETA. In geval van ‘n VINPRO lid kan die kostes van VINPRO verhaal word.

Hierdie ooreenkoms is baie belangrik vir SIZA lede wat beide wyndruiwe en ander tipes vrugte produseer aangesien hulle nie die oudit hoef te dupliseer indien ‘n SIZA oudit reeds gedoen is nie. Gedurende Augustus 2013 is hierdie inligting na die bedryf gekommunikeer. Vir meer inligting kontak Colleen Chennels by chennell@iafrica.com

Vrae wat herhaaldelik voorkom uit Self Asseserings Vraelys

1. **Wat beteken PPE? ("Personal Protective Equipment")**
   Antwoord: Persoonlike Beskermings Toerusting bv skerm/stof brille en leer voorskote

2. **Wat beteken COIDA? ("The Compensation for Occupational Injuries and Diseases Act")**
   Antwoord: Die Wet op Vergoeding vir Werksbeserings en –siektes.

3. **Kan u inligting met Sedex gedeel word?**
   Antwoord: Bevestig met u uitvoerder. Verskillende kleinhandelaars het verskillende vereistes en u uitvoerder moet in staat wees om u te adviseer.

4. **Wat is u produserende area?**
   Antwoord: Totale aantal hektare bedek deur gewasse.

5. **Wat is die maksimum oortyd aangeteken gedurende die laaste 12 maande?**
   Antwoord: Die maksimum tyd aangeteken as oortyd op die betaalstrokie die afgelope 12 maande.

Kontakdetails vir verdere inligting:

SIZA Administrasie:	siza@hortgro.co.za
SIZA Registrasies:	siza@fpef.co.za
SIZA SAQs en SEDEX:	siza@saiglobal.com
Algemene navrae:	chennell@iafrica.com